

Goed om te maak

Hoe om speeldeeg te maak

Jy benodig:


- ★ 1 koppie meel
- ★ ¼ koppie sout
- ★ ½ koppie warm water
- ★ 5 druppels koskleursel

- 1 Meng die meel en sout.
- 2 Meng 'n ½ koppie warm water en 'n paar druppels koskleursel.
- 3 Gooi die water stadig in die meelmengsel en roer terwyl jy dit ingooi. Roer tot dit goed gemeng is, en knie dit dan met jou hande totdat dit 'n deeg vorm. As die deeg te taai is, kan jy nog meel bygooi.
- 4 Herhaal hierdie stappe met verskillende kleure koskleursel.
- 5 Bêre dit in 'n houer met 'n deksel of in 'n plastieksak om te keer dat dit uitdroog.




Hoe om 'n dobbelsteen te maak

- 1 Plak die dobbelsteen-vorm op 'n stuk karton, soos 'n ontbytgraanboks.
- 2 Knip die buiterand van die dobbelsteen uit. Moenie die grys stukke afknip nie!
- 3 Vou op die swart lyne. Hou die kolletjies aan die buitekant.
- 4 Vou die dobbelsteen in die vorm van 'n blokkie.
- 5 Vou die grys flappe en plak dit aan die kante vas om die dobbelsteen aanmekaar te hou.
- 6 Rol en speel!



Hoe om 'n Klein boekie te maak

- 1 Vou die bladsy in agt dele. Vou dit weer oop.
- 2 Vou die bladsy in die lengte in die helfte en maak seker die prente wys boontoe.
- 3 Knip op die middelste vou. (Kyk na die illustrasie langsaan en die stippellyne op die bladsy.)
- 4 Hou die papier aan albei kante tussen jou vinger en jou duim vas.
- 5 Bring jou hande af en bymekaar.
- 6 Maak 'n biblioteek vir die Klein boekies deur almal in 'n klein boksie te bêre – 'n jellieboksie werk baie goed!



Saam In My Opvoeding

Graad I


Beste Ouers en Versorgers

Ons weet in hierdie uitdagende tye verg dit ekstra werk van jou om jou kinders te help leer. Soms wonder jy dalk of jy genoeg doen. As 'n ouer is jy goed gekwalifiseer om leer by die huis te ondersteun – jy is immers jou kind se eerste onderwyser. Jou skool, die onderwysdepartement en 'n aantal NRO's het bymekaargekom om hierdie hulpbronne saam te stel om jou te help.

Hierdie plakkaat is vir jou, die ouer of versorger. Dit gee jou 'n oorsig van verskillende aktiwiteite wat jy elke week kan doen en wat jy moet voorberei. Die aktiwiteite dek luister en praat, lees, skryf, wiskunde en lewensvaardighede. Jy sal elke kwartaal 'n nuwe aktiwiteitspak ontvang.

Probeer om 5 dae per week 30 minute per dag opsy te sit om die aktiwiteite saam met jou kind te doen. Dit sal jou kind help om by te bly by die kurrikulum, selfs al word die skoolprogram ontwig.

Wanneer julle 'n aktiwiteit voltooi het, kan jou kind 'n sterretjie op die Aktiwiteitsverslag-bladsy in jou aktiwiteitspak inkleur. Dit sal jou help om tred te hou met dit wat julle elke week gedoen het, en jou kind sal trots voel. Plak dit teen die yskas of muur sodat jou kinders kan sien hoe hulle vorder. Aan die einde van die maand kan hulle dit skool toe vat om vir die onderwyser te wys wat hulle by die huis gedoen het.




Ons hoop jy gaan baie pret hê saam met jou kind! Geniet dit om te kyk hoe hulle groei en leer!

Voorbereiding vir die aktiwiteite

Sit 30 minute per dag opsy vir die aktiwiteite. Skep 'n stil, gemaklike ruimte waarin jy saam met jou kind kan werk.


Jy benodig:

- ★ 'n skoon tekenboek of skoon papier
- ★ 'n skerp potlood
- ★ vetkryte of kleurkryte
- ★ 'n skêr en gom
- ★ tellers vir die speletjies.



Daar is 'n paar goed wat jy saam met jou kind sal moet maak:

- ★ Dobbelsteen: plak dit op karton vas (soos 'n ontbytgraanboks), en volg die instruksies om dit te vou sodat dit 'n dobbelsteen vorm.
- ★ Speeldeeg: volg die resep.
- ★ Klein boekies: volg die instruksies om die Klein boekies te vou.
- ★ Borde en kaarte vir bordspeletjies: plak dit op karton vas om dit te versterk.



Dag 1 Storietyd

Jy gaan 'n Grootprentstorie OF 'n Klein boekie-storie OF 'n Hardoplees-storie nodig hê. Jy gaan ook die lys vrae op die aktiwiteitsblad vir elke week nodig hê.

Jul leertyd tuis behoort altyd met storietyd te begin. Sit gemaklik en wys vir jou kind die Grootprentstorie, Klein boekie-storie of Hardoplees-storie.

Vra vir jou kind wat sy sien en waarom sy dink julle vandag gaan gesels.

Grootprentstorie

Die Grootprentstorie is 'n prent met baie besonderhede vol dinge waaroor jy en jou kind kan gesels. Begin deur na alles te kyk wat julle in die prent sien – selfs die heel kleinste dingetjies. Verduidelik die betekenis van nuwe woorde. Gebruik die vrae om jou te lei en moedig ook jou kind aan om vrae te vra! Luister goed na wat jou kind van die prent sê – wanneer ons kinders verduidelik wat hulle dink, ontwikkel hulle belangrike taalvaardighede.



Kleinboekie-storie

Die Kleinboekie-storie is 'n klein opvouboekie met eenvoudige sinne wat by die prente pas. Begin deur die boekie blaai nadat jy dit gevou het en gesels saam oor elke prent. Lees dan die titel van die boekie en elke bladsy. Wys na die woorde terwyl jy lees. Moedig jou kind aan om saam met jou te lees, en as jou kind genoeg selfvertroue het, kan hulle die boek self probeer lees deur na elke woord te wys. Gee altyd vir jou kind tyd om uit te werk wat 'n woord sê en lees dan die woord vir hulle as hulle dit nie kan uitwerk nie. Moet hulle nooit laat sukkel sonder om te help nie. As hulle nog nie genoeg selfvertroue het om self te lees nie, lees dit weer saam, en laat hulle probeer om die makliker woorde te lees. Wanneer jy klaar gelees het, vra vir jou kind waarvan hy die meeste gehou het. Hulle kan die storie ook vir ander familieledes lees. Hier volg 'n paar idees om jou kind te help om 'n nuwe woord te lees. Jy kan sê:

- ★ Kyk na die prent vir 'n leidraad.
- ★ Wat is die eerste letter van die woord? Watter ander letters sien jy?
- ★ Kom ons lees die sin weer van voor af. Kyk of jy kan raai wat die volgende woord is.



Hardoplees-storie

Die Hardoplees-storie is 'n langer storie wat jy vir jou kind kan lees. Probeer die storie voor die tyd lees sodat jy die storie lewendig kan maak – maak oogkontak, lees in verskillende stemme, maak gebare en hou elke nou en dan op met lees en vra: *Wat dink jy gaan volgende gebeur?* As jy dit geniet om stories te vertel, vertel jou eie weergawe van die storie, sonder die bladsy voor jou.

As jou kind hierdie aktiwiteit geniet, gebruik hierdie skakel vir meer stories: <https://www.nalibali.org/story-resources/audio-stories>.




Dag 2 Teken en skryf

Jy het papier en vetkryte of kleurpotlode nodig. Jy sal ook op die aktiwiteitsblad vir die week moet kyk vir die instruksies.

Wanneer julle lekker gesels het, sal jou kind 'n kans kry om hul gunstelingdeel te teken, of iets wat verband hou met die storietyd-aktiwiteit. Vra hulle om vir jou van hul prent te vertel. As hulle klaar geteken het, vra hulle of hulle wil hê jy moet 'n sin oor hul prent skryf. Help jou kind om elke woord in hul sin op hul vingers te tel. Trek 'n lyn vir elke woord en laat hulle die woorde skryf wat hulle voel hulle kan, selfs al skryf hulle net van die letters in die woorde neer. Skryf vir hulle woorde neer as hulle wil hê jy moet. As hulle nie genoeg selfvertroue het om te probeer skryf nie, kan jy vir hulle 'n sin skryf. Lees die sin saam en wys na elke woord wanneer jy klaar geskryf het.


Help jou kind om nuwe woorde te skryf deur te sê: *Met watter klank begin daardie woord? Watter klank kom volgende?* Onthou, wanneer kinders leer skryf, maak hulle dikwels hul eie spelling op. Moenie die spelling van al die woorde regmaak nie. Fokus op die spelling van woorde wat hulle gereeld sal moet skryf (byvoorbeeld: *die, my, jy/jou*). Skryf die korrekte spelling onder die woord neer.



Dag 3 Kyk en luister

Jy sal 'n stil ruimte nodig hê, sonder die TV of radio wat jou kind se aandag aftrek.

Jong kinders vind dit dikwels moeilik om goed te luister en instruksies te volg. Hulle moet oefen om goeie luisteraars te word! Hulle moet ook leer om goed te kyk en te praat oor wat hulle sien. Die kyk- en luisteraktiwiteite sal jou kind help om vir langer tye aandag te gee. Onthou om met kort aktiwiteite te begin en op te hou as jou kind moeg is of belangstelling verloor.



Dag 4 Speletjies

Jy sal 'n area buite vir die aktiewe speletjies nodig hê. Jy sal die bordspeletjies op karton moet vasplak. Gebruik knope of bottelproppies as tellers. As jy nie 'n dobbelsteen het nie, kan jy een maak deur die templaot te gebruik.

Het jy geweet jong kinders leer terwyl hulle speel? Trouens, ons leer almal op ons beste wanneer ons pret het! Kinders kan baie dinge leer wanneer hulle speletjies speel: hulle ontwikkel hul groot en klein spiere, hulle leer nuwe woorde en aksies, oefen om te tel, leer van letters en leer om beurte te maak en hul beurt af te wag. Speel help ook om hul kreatiwiteit en verbeelding aan te wakker. Jou kind sal hierdie spesiale tyd saam met jou geniet – en weer en weer wil speel!



Dag 5 Vorms, letters en getalle

Jy sal die vorm-, letter- en getaltemplaot in hierdie aktiwiteitspak nodig hê, sowel as sand, speeldeeg, koerantpapier, advertensieblaai, afvalpapier, 'n skêr en gom.

Dit verg baie oefening om te leer hoe om vorms te teken en letters en getalle te skryf. Al is dit belangrik dat jong kinders leer hoe om vorms, letters en getalle korrek te vorm, gebeur dit dikwels dat hulle letters en getalle nie ewe groot skryf nie of agterstevoor. Prys kinders vir hul pogings en probeer om hulle nie angstig te maak nie! Begin deur vorms, letters en getalle met groot bewegings te maak, en gebruik dan die aktiwiteite op die vorm-, letter- en getaltemplaot.

Jy sal moet onthou hoe om letters en getalle te skryf soos hulle by die skool doen sodat jy jou kind op die regte manier kan leer. Kyk na die letter- en getaltemplaot om jou te help. Elke letter het 'n naam en 'n klank. Grootmense gebruik gewoonlik die naam (byvoorbeeld, "em" vir **m**). Om te leer lees en skryf moet kinders die klank van die letter leer (byvoorbeeld: **mmmm** ...).



Onthou elke dag die volgende:

Om elke dag gefokusde leertyd te hê, is belangrik vir jou kind, maar leer vind heeldag plaas in ons daaglikse roetine. Het jy geweet jy help jou kind se brein om te groei as jy oor jou daaglikse aktiwiteite gesels terwyl jy daarmee besig is? Liedjies en rympies is ook kos vir die brein! Hier is 'n paar skakels na liedjies en rympies vir jong kinders: <https://www.nalibali.org/story-resources/multilingual-rhymes>. Hier vind jy meer idees vir daaglikse leer:

- ★ <https://www.homeliteracy.org.za/playlearnhome>
- ★ MathsUp, wat jy gratis van die Google Playstore kan aflaai.



Tuisleerprogram vir Graad R en Graad I

